Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

# GEDRAGSKODE VIR ALLE BELANGHEBBENDES VAN HTS JOHN VORSTER

# INHOUDSOPGAWE


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. TITEL VAN DIE BELEID | | | 3 |
| 2. DATUM VAN INWERKINGTREDING | | | 3 |
| 3. DATUM VAN HERSIENING: | | | 3 |
| 4. HERSIENINGSGESKIEDENIS | | | 3 |
| 5. INLEIDING | | | 3 |
| 6. DOEL VAN DIE BELEID | | | 4 |
| 7. | WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME | | 5 |
| | 7.1 | WOORDOMSKRYWINGS | 5 |
| | 7.2 | AKRONIEME | 10 |
| 8. | TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID | | 11 |
| 9. | WETSRAAMWERK | | 12 |
| 10. | BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES | | 12 |
| 11. | BELEIDSTELLINGS | | 13 |
| | 11.1 | DIE OUER, DIE KIND EN DIE SKOOL | 13 |
| | 11.2 | TOESTEMMING DEUR OUERS VIR DEELNAME AAN AKTIWITEITE | 14 |
| | 11.3 | OUERS SE PLIG OM BEWUS TE WEES VAN SKOOLBELEIDE | 15 |
| | 11.4 | LEERDERINSKRYWING EN -BYWONING | 15 |
| | 11.5 | VERHOUDING TUSSEN OUER EN DIE OPVOEDER/AFRIGTER/SKOOL | 15 |
| | 11.6 | FINANSIëLE SAKE EN BETALING VAN SKOOLGELD | 16 |
| | 11.7 | VEILIGHIED EN WELSYN VAN LEERDERS | 17 |
| | 11.8 | BESOEKE AAN DIE SKOOL GEDURENDE SKOOLTYD | 17 |
| | 11.9 | OUERS VEREENSELWIG HULSELF MET DIE SKOOL | 18 |
| | 11.10 | OPTREDE DEUR OUERS TEENOOR ANDER KINDERS | 18 |
| | 11.11 | OUERS EN BESOEKERS SE GEDRAG GEDURENDE SKOOLBESOEKE OF -AKTIWITEITE | 18 |
| | 11.12 | GEDRAG/OPTREDE BY KULTUUR-/SPORT-/ANDER AKTIWITEITE | 20 |
| | 11.13 | OUERS, FAMILIELEDE EN BESOEKERS AS TOESKOUERS | 20 |
| | 11.14 | ONAANVAARBARE GEDRAG EN SKOOLSANKSIE VIR OUERS LANGS DIE SPORTVELD | 22 |
| | 11.15 | KOMMUNIKASIEKANALE | 23 |
| | 11.16 | OUERAANDE | 23 |
| | 11.17 | OUERS EN SOSIALEMEDIA | 23 |
| | 11.18 | PROJEKTE/FUNKSIES | 24 |
| | 11.19 | NIENAKOMING VAN DIE OUERGEDRAGSKODE | 24 |
| | 11.20 | VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS T.O.V. DIE LEERDERGEDRAGSKODE | 24 |
| | 11.21 | BEKENDMAKING VAN DIÉ BELEID | 25 |
| 12. | KORT TITEL | | 25 |
| 13. | WYSIGINGS | | 25 |
| 14. | GOEDKEURING | | 25 |

**1. TITEL VAN DIE BELEID: GEDRAGSKODE VIR ALLE BELANGHEBBENDES VAN HTS JOHN VORSTER**

**2. DATUM VAN INWERKINGTREDING:**

**3. DATUM VAN HERSIENING:**

**4. HERSIENINGSGESKIEDENIS:**

| **Soos gewysig op:** |
|---|
| |
| |

**5. INLEIDING**

5.1 ‘n Ouer se verhouding met die skool begin op die dag wanneer hy/sy ‘n besluit neem om die leerder by die betrokke skool in te skryf. Hierdeur verklaar die ouer/wettige voog dat hy/sy die leerder tydens skoolure en skoolverwante aktiwiteite aan die personeel se professionele sorg toevertrou. Voorts onderneem die ouer om die skool se beleide ten alle tye te onderskryf.

5.2 Nieteenstaande bogenoemde, bly die ouer die primêre opvoeder van die kind en is dus primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kind. Hierdie primêre verantwoordelikheid mag nie sonder meer in die hande van die skool gelaat word nie. Verder, ingevolge die nasionale riglyne vir die samestelling van ‘n gedragskode vir leerders, is die ouer primêr verantwoordelik vir die gedrag van sy/haar kind en berus die uiteindelike gedrag by die ouer.

5.3 Die skool, as verlengstuk van die ouerhuis, behartig daarenteen veral die deel van die opvoedingstaak wat weens die gespesialiseerde aard daarvan, nie geredelik deur die ouers uitgevoer kan word nie. Die skool en die gesin het dus elkeen sy eie taak om te vervul en die een kan nie sonder meer die taak van die ander een suksesvol oorneem nie. Tog is hulle ten nouste by mekaar betrokke en word hulle onvervreembare bondgenote in die opvoeding van die kinders.

5.4 Ouerbetrokkenheid by die skool word bepaal deur die kwaliteit van die ouer se betrokkenheid by sy eie kind. Ouerbetrokkenheid begin in die gesin en die ouer wat nie by sy kind betrokke is nie, sal moeilik tot betrokkenheid by die skool gemotiveer word. Volwasse ouerbetrokkenheid veronderstel verstandige besluite en duidelike, aanvaarbare riglyne aan die kinders oor wat mag en nie mag nie - oor werkshouding, getrouheid, entoesiasme, pligsbesef, verantwoordelikheid, vryetydsbesteding, optrede teenoor opvoeders en maats, vestiging van morele

en etiese lewenswaardes, aanleer van maniere en etiket, behoorlikheid en die vestiging van 'n eie, aanvaarbare lewenshouding.

5.5 Dit is belangrik dat 'n gunstige lewensruimte by die huis en skool vir die kinders moet bestaan. Dit berus daarop dat daar 'n gees van vrymoedigheid en toeganklikheid vir kinders en ouers by die skool sal bestaan. Dit word gedra deur 'n gees dat mense vir mekaar omgee en medeverantwoordelikheid vir 'n probleem wil aanvaar. Om doelgerig te werk om 'n gelukkige skoolgemeenskap tot stand te bring, sal die ouers en opvoeders moet voorloop en sorg dat die leerders innerlike geborgenheid ervaar om hul beste te kan lewer. Die skool en ouerhuis moet hande vat om die ideale atmosfeer vir die kinders daar te stel. Kinders moet ook geleer word dat die gunstige klimaat by die huis en skool nie misbruik mag word vir onaanvaarbare gedragspraktyke nie. Wanneer 'n kind op onaanvaarbare wyse optree, moet die skool die vrymoedigheid neem om met die ouers in verbinding te tree om die probleem gesamentlik op te los.

5.6 Uit hoofde van die Suid-Afrikaanse Skolewet, het die beheerliggaam en die skoolhoof die reg om toegang tot die skoolterrein en skoolaktiwiteite te reguleer. Die beheerliggaam en die skoolhoof is verplig om toe te sien dat niemand wat 'n gevaar vir die leerders, skoolpersoneel of enige ander besoeker aan die skool inhou, toegang tot die terrein verkry nie. Enige besoeker aan die skoolterrein kan vir enige onwettige dwelmmiddels, gevaarlike voorwerpe of wapens deursoek word. Die beheerliggaam behou die reg van toegang tot die skoolterrein en kan 'n persoon toegang belet indien dit in die skool en die leerders se belang is.

**6. DOEL VAN DIE BELEID**

6.1 Om ouers te laat besef dat onderlinge samewerking tussen die skool se personeel en die ander persone wat by die opvoeding en onderwys van ons kinders betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle partye ooreenkom in die nastrewing van waardes en beginsels.

6.2 Terwyl ouers daarvan bewus is dat hulle oor sekere regte beskik in terme van die Grondwet, erken hulle ook dat ander mense soortgelyke regte het en respekteer hulle hierdie regte.

6.3 Die daarstel van 'n stel skriftelike reëls en beginsels van aanvaarbare gedrag vir ouers in die algemeen.

6.4 Om ouers te laat besef dat onderlinge samewerking tussen die skool en die ander persone wat by die opvoeding en onderwys van hulle kinders betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle partye ooreenkom om die waardes en beginsels van die skool te handhaaf.

# 7. WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME

## 7.1 Woordomskrywings

| Woord | Omskrywing |
|---|---|
| Alkoholiese vloeistof/verslawende of gewoontevormende middel/onwettige produk | (a) Enige onwettige middel wat ‘n psigologiese of fisiologiese uitwerking; en/of<br>(b) enige middel wat sodanige effek het wat in onwettige besit is; en/of<br>(c) enige onwettige bedwelmende of verdowende middel; en/of<br>(d) enige middel/vloeistof/produk waarvan alkohol ‘n bestanddeel is. |
| Aanranding/Poging tot aanranding | Daadwerklike fisiese, liggaamlike leed aan ‘n ander of dreigende optrede van enige persoon teenoor enige ander persoon of persone, wat enige vorm van besering - fisies en/of psigies. In gevalle van boeliegedrag, ‘n bedreiging of verbale dreigemente, kan die dreigement mondelings, skriftelik, by wyse van enige gebaar, liggaamlike beweging en/of enige elektronies vorm op enige sosialemediaplatform oorgedra word.<br>Alle vorms van fisiese bakleiery en/of teistering/boelie/intimidasie/dreigemente, sal dus as “aanranding” beskou word. |
| Baklei | Die daad van een of meer persone wat gesamentlik in ‘n onderonsie/geveg betrokke is in enige verbale/fisiese dispuut waar mag of fisiese geweld gebruik word deur die persoon/persone en die persoon/persone fisies weerhou moet word om ‘n ander aan te rand en/of te beseer. Dit mag insluit om ‘n ander te stamp, weg te stoot of enige ander vorm van aanraking wat ophou of nie ophou nie nadat ‘n verbale opdrag deur ‘n persoon van gesag gegee is. |
| Besit/in besit wees van | Daadwerklike besit en/of in beheer van enige artikel, voorwerp, onwettige middel. Dit beteken ook die besit van enige beeld, klankopname, video, foto, prent en ander elektroniese skepping wat gestoor is of op die geheue/elektroniese rekords is |

| Woord | Omskrywing |
|---|---|
| | van enige digitale toestelle/selfoon/elektroniese toestel. |
| By die skool/op die skoolgrond/skoolterrein | Beteken in ‘n klaskamer, enige ander plek op die skoolgrond/skoolterrein, enige lokaal op die skoolgrond, op ‘n skoolbus en/of ander vervoermiddel van die skool wat leerders vervoer; enige skoolaktiwiteit, hetsy op die skoolgronde of weg van die skool af, binne of buite skooltyd of waar die ouer(s)/voog(de) geïdentifiseer kan word dat as sodanig van die skool of belang het by die skool. |
| Departement | Beteken die Gauteng Departement van Onderwys |
| Digitale toestel/selfoon/elektroniese toestel | Beteken enige [elektroniese/digitale] mobiele toestel/foon wat gebruik word om oproepe te maak of boodskappe te versend deur seine of inligting voorgestel deur syfers en/of enige digitale beelde, video’s, foto’s en klank kan opneem en versend. |
| Dreigemente/intimidasie/mishandeling | Sluit in enige verbale en nieverbale aksies, so wel as enige inligting wat plaasvind deur middel van enige elektroniese kommunikasie en op enige sosialemediaplatform |
| Dwarsboming/verydeling van die verloop van geregtigheid in terme van dié kode. | Beteken die opsetlike uitvoering van ‘n oortreding of om met voorbedagte rade te verhoed of te voorkom dat die ordelike verloop van die skool geskied. Dit sluit ook in die weiering van ‘n wettige opdrag deur ‘n lid van die beheerliggaam, die skoolhoof, adjunkhoof of opvoeder om dadelik enige gedrag wat onbehoorlik is, te staak. |
| Dwelm/dwelmgebruik (Sien ook onwettige middel) | 'n Dwelmmiddel is enige chemiese middel - wettig of onwettig, natuurlik, plantaardig, gemeng met ander materiaal of sinteties - wat 'n farmakologiese uitwerking op ‘n persoon se geestestoestand (psige) het indien dit gebruik word. Dit sluit ook o.a. in: enige oor-die-toonbank-medikasie, dieetpille, opiodes en hoesmedisyne. |
| Geslotekringtelevisie [“CCTV”] | Die skool se geslotekring-televisiekameras waarvan opnames as bewys gebruik mag word in die ondersoek of tydens enige verhoor. (Sien ook die skool se GKT-beleid). |

| Woord | Omskrywing |
|---|---|
| Gevaarlike voorwerp/wapen | Beteken:<br>1) enige springstof of ontplofbare toestel;<br>2) enige vuurwapen of gaswapen;<br>3) enige artikel, voorwerp, mes, panga, stuk gereedskap, instrument, koord, tou, draad, enige passer of ander skryfbehoeftes, bessie, klip, stof of enige skerp voorwerp wat gebruik word om ‘n ander te beseer, spuitmiddel, pepersproei, dwelmmiddel, vloeistof, spuitnaald, tak, plank, yster of instrument wat gebruik kan word om 'n ander persoon op enige wyse liggaamlike leed aan te doen of eiendom te beskadig, of om 'n persoon tydelik te verlam of bewusteloos te laat, of selfs te dood;<br>4) enige voorwerp wat die minister by kennisgewing in die Staatskoerant ingevolge die Skolewet tot gevaarlike voorwerp verklaar het;<br>5) enige gevaarlike voorwerp soos omskryf in die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 (Wet 15 van 2013);<br>6) enige replika van ’n vuurwapen; en/of<br>7) enige toestel wat ‘n skok (bv ‘n “tazer”) aan ‘n ander toedien om sodoende die persoon onkapabel te laat. |
| Hoof van die Departement | Die hoof van die Gauteng Department van Onderwys |
| Hoof/skoolhoof | 'n Opvoeder wat as hoof van 'n skool aangestel is of waarneem. In hierdie dokument waar daar na die hoof verwys word, beteken dit die hoof van die skool of waar van toepassing die persoon wat deur die hoof gemagtig is om sekere verantwoordelikhede namens die hoof na te kom en/of uit te voer. |
| In loco parentis | Beteken optrede/sorg in die plek van die ouer wat die toesig en beheer van sy/haar kind aan ‘n opvoeder/personeellid toevertrou het gedurende normale skoolure/opvoeding/skoolaktiwiteite of gedurende enige verhoor van die skool se dissiplinekomitee. |

| Woord | Omskrywing |
|---|---|
| Intimidasie, dreigemente sameswering en/of teistering | a) Die doelbewuste en/of kwaadwillige leed wat 'n ander aangedoen word deur afknouery, verbale verkleinering, boeliegedrag (fisiese en kuber-) wat daarop gerig is om 'n ander met vrees te vervul, ongerus te maak. Dit sluit ook onwettige gedrag in wat bedoel is om ander emosioneel af te pers, te dwing om iets teen sy/haar sin uit te voer of deel van te wees, te verhoed om 'n ander te laat deelneem aan enige aktiwiteit/ akademiese aktiwiteit/onderrig waartoe die leerder geregtig is om deel te neem of enige reg daartoe het.<br>b) Dit beteken ook enige daad deur 'n persoon met die bedoeling om ander te dwing en/of aan te spoor/aan te hits om nie 'n wettige opdrag uit te voer of aan 'n wettige aktiwiteit/akademiese oefening/instruksie/opdrag gehoor te gee nie, deur middel van:<br>i. aanranding, dreigemente van aanranding, leed aan 'n ander te veroorsaak, diefstal te pleeg, dwelms te gebruik of enige ander onwettige middel; of<br>ii. skade aan te rig, vandalisme, dreig om 'n ander te dood of om opvoeding te frustreer en/of klasse te ontwrig. |
| Laster/crimen injuria/naamskending | Laster of naamskending behels die kommunikasie van woorde deur middel van enige digitale/elektroniese/gedrukte of geuiterde formaat/sosialemediaplatforms, toepassings (verbaal of geskrewe), tekeninge, video's,foto's, gemanipuleerde afbeeldings, klankopnames of strokiesprent wat ten doel het om 'n negatiewe indruk of 'n vernederende beeld van 'n individu, die skool, produk, groep of enige ander entiteit te skep.<br>'n Persoon maak homself skuldig aan naamskending wanneer hy iemand en/of die skool se goeie beeld, naam en eer skade aandoen deur verkeerde of vals inligting aan die publiek of derde party te publiseer of op sosialemedia in enige formaat te versprei al is dit nie op die skoolterrein nie.<br>Hierdie oortreding vind al hoe meer plaas in konteks op sosialemediaplatforms, soos Facebook en Twitter |

| Woord | Omskrywing |
|---|---|
| | asook Snapchat en ander kletsgroepe. Die bewyse bly daar vir almal om te sien en baie individue maak hulle ook skuldig daaraan deur slegs die plasings te “like” en/of te “share”. |
| Leerder | Beteken enige persoon wat onderwys ontvang of wat verplig is om onderwys te ontvang ingevolge die Skolewet by Die Hoër Tegniese Skool John Vorster. |
| Lid van die beheerliggaam | Beteken enige verkose/gekoöpteerde lid van die beheerliggaam/komitee van die beheerliggaam van die skool. |
| Onderwys | Onderriginstruksie of opleiding wat ingevolge die Skolewet aan leerders verskaf word. |
| Ontwrig/ontwrigting [gedrag] | Beteken die onwrigting/frustrering/bedreiging van die vloei en kontinuïteit van opvoeding in die klaskamer of enige ander opvoedingsproses/ skoolaktiwiteit/sport of kulturele aktiwiteit in die skool of weg van die skool en enige ander skoolaktiwiteit. |
| Opvoeder | Beteken enige persoon - met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig - wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by 'n skool lewer. |
| Ouer | In hierdie dokument, tensy die konteks anders aandui, beteken “ouer”:<br>(a) die ouer of voog van ’n leerder;<br>(b) die persoon wat wetlik geregtig is op voogdyskap van ’n leerder; of<br>(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van die persoon na wie daar in (a) en (b) hierbo verwys word, teenoor die leerder se onderwys op skool na te kom. |
| Personeellid/afrigter | Beteken 'n persoon wat by die skool in diens is. |
| Persoon | Beteken enige persoon, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n juridiese persoon, met of sonder regspersoonlikheid. |

| Woord | Omskrywing |
|---|---|
| Rook | Beteken om in te asem/ in te teug/uit te blaas/uitasem, asem inhou of kontrole te hê oor 'n aangesteekde/brandende tabakproduk/ vaper/plant/onkruid/kruiemengsel ("herbal") /sintetiese dwelm/mengsel of om beheer te hê of uit te oefen oor sodanige voorafgenoemde aangesteekte/brandende produkte. "Rook" en "besig om te rook", sal dieselfde betekenis hê. |
| Skoolbeheerligaam | Beteken die beheerliggaam van Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster, soos beoog in artikel 16 (1) van die Skolewet, 1996. |
| [Die] skool | Beteken **Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster -** 'n openbare skool soos beoog in Hoofstuk 3 van die Skolewet, 1996, wat 'n openbare skool is wat leerders in een of meer grade van graad 8 tot graad 12 inskryf. |
| Skoolaktiwiteit | Beteken enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel of enige skoolondersteunde aktiwiteit binne of buite skooltyd. |
| Skooleiendom/perseel | Die grond en geboue wat deur die skool beset word, sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue, asook alle ander eiendom wat alle toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word. |

## 7.2 **Akronieme**

| Akroniem | Omskrywing |
|---|---|
| AJV | Die algemene jaarvergadering van ouers |
| BL | Die skoolbeheerliggaam |
| DBO | Nasionale Departement van Basiese Onderwys |
| DH | Hoof van die Department van Onderwys |

| Akroniem | Omskrywing |
|---|---|
| DK | Dissiplinekomitee |
| GDO | Gauteng Department van Onderwys |
| GKT | Geslotekringtelevisie |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys |
| SAPS | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SBS | Skoolbestuurspan |

**8. TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID**

8.1 Die toepassingsbestek en voorwaardes waar en wanneer die skool se gedragskode en -reëls van toepassing is, is (wanneer ‘n ouer/besoeker):

1) hom-/haarself op enige plek op die skoolterrein bevind;
2) hom-/haarself binne enige lokaal op die skoolterrein bevind;
3) tydens enige skooltoer/-uitstappie;
4) tydens enige skoolaktiwiteit op of weg van die skoolterrein tydens of buite skoolure;
5) by enige ander skool/perseel;
6) waar hy/sy as ‘n ouer van die skool geïdentifiseer kan word, hetsy op die skoolterrein of buite die skoolterrein;
7) enige aktiwiteit wat deur die skool ondersteun word op en weg van die skoolterrein af - binne of buite skoolure; en
8) op enige skoolgoedgekeurde vervoermiddel.

8.2 Alle ouers, opvoeders, lede van die skool se bestuurspan, lede van die BL en/of sy komitees en die adjunkhoof en hoof is verantwoordelik vir die toepassing van die beleid.

8.3 Die beleid is van toepassing op biologiese ouers en/of die voog van die leerder en/of iemand wat ‘n wettige aanspraak het op die sorg en beheer van die leerder – insluitend enige vriend/familielid wat in ’n tydelike hoedanigheid voogskap het van ’n leerder.

## 9. WETSRAAMWERK

1) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
2) Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)
3) Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet 36 van 2005)
4) Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies 25 van 2002, soos gewysig
5) Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996)
6) Wet op die Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011)
7) Wysigingswet op Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) ("SORMA"), 2007 (Wet 32 van 2007)
8) Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Billike /Onbillike Diskriminasie, Wet 4 van 2000.
9) Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 Van 2000
10) Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005).
11) Regulasie van die Onderskepping van Kommunikasie en Voorsiening van Kommunikasie-verwante Inligting Wet, 2002 (Wet 70 van 2002) ("RICA").
12) Riglyne vir Die Veiligheid in Skole, Departement van Basiese Onderwys, 2010
13) Wet op Gevaarlike Wapens.
14) Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (WBGV) (Wet 85/1993)
15) Wet op Dwelms en Dwelmhandel (Wet 104/1992).
16) Die Wet op die Beheer van Tabakprodukte.
17) Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. (POPI).
18) Die Wet op die Beheer van Toegang to Openbare Persele, 1985, Wet 53 van 1985, insluitende die gepaardgaande regulasies.
19) Die Wet op Rampbestuur en verwante regulasies soos gepubliseer rakende COVID-19.

## 10. BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES

1) Nasionale Onderwysbeleid (Nr 27/1996)
2) Riglyne en Omsendbriewe van die Gauteng Departement van Onderwys en die Nasionale Departement van Basiese Onderwys
3) Relevante reëls en beleide van sportunies en ander verenigings en beheerstrukture.
4) Skool se Gedragskode vir Leerders en verwante beleide.

5) Die Veiligheidsbeleid van die skool.
6) Die skool se Toerbeleid.
7) Die skool se Vervoerbeleid.
8) Die skool se Antirook- en vapebeleid.
9) Die skool se Toelatingsbeleid.
10) Die skool se Taalbeleid.
11) Die skool se Godsdiensbeleid.
12) Die skool se Bywoningsbeleid.
13) Antistigmatiseringsbeleid van die skool.
14) Die skool se Gedragskode en Grondwet van die BL.

## 11. BELEIDSTELLINGS

### 11.1 Die ouer, die kind en die skool

1) Daar word van elke ouer van 'n ingeskrewe leerder van die skool verwag om die etos van die skool te ondersteun en so op te tree dat die waardes van die skool gereflekteer word.
2) Ouers onderneem om 'n prominente ondersteunende rol te speel as deel van die opvoedingspan van die skool.
3) Ouers moet eers die skool of betrokke personeellid gaan spreek as hulle ongelukkig is oor iets by die skool en behoort nie by die eerste geleentheid die aangeleentheid in die media te plaas nie. Berigte in die media kan die skool se openbare beeld onnodig skaad, terwyl die probleem maklik in die kantoor opgelos kon word.
4) Ouers moet hul kinders binne hul vermoë moreel en finansieel ondersteun as die kinders sekere projekte moet inlewer of ander leerarea-opdragte moet uitvoer, soos bv. om goed te versamel en saam te bring skool toe.
5) Ouers moet toesien dat hul kinders gereeld die skool bywoon.
6) Ouers moet vooraf toestemming verkry as hul kind afwesig gaan wees van die skool; die nodige, stawende dokumentasie moet die aansoek (L6) vergesel.
7) Ouers moet ook 'n afwesigheidsbrief aanbied as 'n leerder weens siekte afwesig was.
8) Ouers moet die skool so konsidereer in hulle besluite en beplanning dat daar nie by die kind die persepsie ontstaan dat die skool maar 'n baie lae aansien by die ouerhuis geniet nie.
9) Ouers behoort saam met die skool te werk as die skool sekere aanbevelings doen in verband met die kind se skolastiese vordering.

10) Ouers moet toesien dat hul kinders vir toetse of assesseringsgeleenthede leer.

11) Ouers moet die skool se omsendbriewe lees en daarop reageer as daar skeurbriefies betrokke is – wat binne 3 dae na ontvangs daarvan, teruggestuur moet word.

12) Ouers moet hulle kinders medies laat behandel as die skool dit versoek, soos in die geval van kopluise of enige probleme in dié verband met die skoolhoof bespreek en let op voorsorgmaatreëls ten opsigte van enige uitbraak van siektes.

13) Ouers moet nie hul kinders skool toe stuur as hul kinders siek is nie.

14) Ouers behoort aan hulle kinders stewige tasse te voorsien sodat die skool se handboeke nie onnodig beskadig word nie.

15) Ouers moet hul kinders voorsien van materiaal om hul boeke mee oor te trek.

16) Ouers moet gereeld na hul kinders se skrifte kyk en handtekeninge aanbring, indien daar so ʻn versoek gerig word.

17) Ouers moet hul kinders se toetse teken, indien so deur die skool versoek.

18) Ouers moet verseker dat hul kinders betyds by die skool opdaag voordat die skooldag amptelik ʻn aanvang neem.

19) Ouers moet hul kinders betyds by die skool kom haal wanneer aktiwiteite ná ure plaasvind, soos uitstappies of sportgeleenthede.

20) Ouers moet bereid wees om hul kinders by die skool te kom haal wanneer die kinders by die skool seergekry het en mediese versorging benodig.

21) Ouers moet die nodige medikasie aan die skool voorsien indien hulle kind allergies is vir iets wat hom/haar by die skool mag aantas, soos byvoorbeeld bysteke, ens.

22) Ouers moet bereid wees om ʻn toestemmingsvorm te onderteken voordat die leerder aan enige aktiwiteite by die skool mag deelneem of met ʻn bus vervoer mag word.

23) Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om sy/haar kind by die skool te kom haal na skoolsluiting omdat die skool nie ná ure verantwoordelikheid kan neem vir leerders nie.

24) Ouers se bereidwilligheid om die skool te help beveilig in geval van natuurrampe of noodsituasies, sal waardeer word.

25) Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid van enige persoonlike besittings van leerders nie.

11.2 **Toestemming aan die skool van ouers vir leerders om aan aktiwiteite deel te neem en mediese inligting:**

1) Ouers onderneem om by wyse van die ondertekening van die registrasievorm van die skool en al sy openbare amptenare, toestemming te verleen dat sy/haar kind aan skoolaktiwiteite mag deelneem, die nodige mediese inligting te verskaf en ander besonderhede soos vereis en dat personeel in loco parentis mag optree [growwe nalatigheid uitgesluit].

11.3 **Ouers se plig om bewus te wees van onderwysbeleide en beleide van die skool:**

1) Hiervolgens sal alle ouers:

   a) betrokke wees by die beheer van die skool en indien daartoe verkies, gekoöpteer as ‘n lid van die BL en/of sy komitees;

   b) betrokke wees by die bekragtiging van die begroting en skoolfooie tydens die AJV;

   c) bewus en ingelig te wees van die skool se taalbeleid, godsdiensbeleid en die toelatingsbeleid - soos deur die skoolbeheerliggaam daargestel; en

   d) ten volle bewus en ingelig te wees van alle skoolbeleide wat op die webwerf voorkom, asook op die hoogte te wees met die inhoud van die leerders se gedragskode en die meegaande strafmaatreëls en die skool te ondersteun in die hantering van oortredings.

11.4 **Leerderinskrywing en -bywoning by die skool:**

1) Die Suid-Afrikaanse Skolewet maak skoolbywoning verpligtend vir alle kinders van ouderdom 7 tot 15, of totdat die negende graad voltooi is.

2) Skooltoelating geskied ingevolge die maatreëls van die GDO en die skool se toelatings- en taalbeleid.

11.5 **Verhouding tussen die ouer en die opvoeder/afrigter/skool:**

1) Die heel beste manier om ‘n kind se probleme by die skool te hanteer, is vir ouers om te sorg dat hulle van meet af aan ’n goeie verhouding met hulle kind se onderwysers opbou. Daar word dikwels te veel gefokus op die negatiewe en nie genoeg op die positiewe nie. Dis belangrik dat ‘n ouer ook lof moet hê vir dít wat ‘n kind se onderwysers reg doen. Hulle werk immers saam aan jou kind se toekoms.

2) Ouers moet dus nie net hulle kind se onderwysers gaan spreek wanneer hy/sy ontevrede is oor iets nie, maar ook moeite doen om soms te gaan groet en dankie te sê vir dit wat hulle reg doen; of ’n briefie, waarin waardering uitgespreek word, saam met die kind stuur. As ’n ouer ‘n goeie verhouding met sy kind se onderwysers het, gaan die ouer en ook omgekeerd die onderwyser, meer vrymoedigheid hê om ’n probleem aan te spreek. Die ouer word aangemoedig om op ‘n kalm wyse sy/haar probleem aan die onderwyser te stel, maar die ouer moet daarin belangstel om die onderwyser se kant van die saak te hoor. Daarom moet ouers die skool se ouervergaderings bywoon om op hoogte te wees van alle sake rakende die skool.

3) Die regte kanale moet gevolg word. Net so min as wat ‘n persoon daarvan sal hou as iemand ’n probleem eskaleer sonder om homself eers in die probleem te ken, net so min wil ‘n onderwyser by ’n departementshoof of skoolhoof hoor dat ’n ouer oor hom/haar gekla het. Bespreek eers die probleem met die onderwyser self.
4) Ouers sal nie en mag nie inmeng met enige opvoedingsproses en enige aktiwiteite by die skool wat as ontwrigtend beskou kan word nie.
5) Ouers moet die opvoeders erken as plaasvervangende ouers en alles in hul vermoë doen om die opvoeder se gesag te ondersteun en om die kind se vertroue in die opvoeder te verstewig en die verhouding tussen skool en ouerhuis te bevestig.
6) Die ouers en die opvoeders tree in vennootskap op en onderneem om die waardes van die ouerhuise en die skool te bevestig.
7) Ouers moet inisiatief neem om die opvoeders te ondersteun met huiswerkopdragte wat die kinders moet voltooi. Ouers sal dus positief reageer as daar ‘n versoek van die opvoeder kom rakende projekte wat in die klas aangepak word en tuis voltooi moet word.
8) Ouers sal nie probeer om enige opvoeder of ander personeellid/afrigter om te koop om sekere gunste aan hulle kind(ers) te bewys nie.
9) Ouers moet die skool ondersteun in die skool se pogings om opvoedingsgeleenthede vir die leerders te skep.
10) Ouers moet hulle neerlê by die skool se dissiplinekode en toesien dat hulle kinders die skoolreëls gehoorsaam.
11) Ouers moet die skool ondersteun as die skool sekere veiligheidsmaatreëls instel om die kinders se veiligheid te verseker.
12) Ouers moet toesien dat hulle kinders in die regte skooldrag skool toe gaan.
13) Die skoolbeheerliggaam, wat verkose lede van die ouerliggaam insluit, is die struktuur wat die skool bestuur.
14) Indien 'n ouer nie verkies word om op die skoolbeheerliggaam of sy onderskeie subkomitees te dien nie, het hy of sy steeds die reg om betrokke te wees by skoolsake deur ouervergaderings oor die ontwikkeling van skoolbeleid en besluite oor die skoolbegroting en skoolgeld, by te woon.

11.6 **Finansiële sake en betaling van skoolgeld deur ouers:**

1) Die skool is ‘n Artikel 21-skool wat bepaal dat skoolgeld betaalbaar is vir leerders wat by dié skool ingeskryf is.
2) Ouers is aanspreeklik daarvoor om die hoof betyds in te lig in geval van finansiële probleme binne die gesin en die ouers nie die voorgeskrewe skoolgeld sal kan betaal nie, of indien hy/sy wil aansoek doen om vrystelling en die nodige prosedures dan sal volg om so ‘n aansoek in te dien.

3) Daar word van ouers verwag om 'n algemene vergadering van ouers by te woon om die begroting, wat deur die beheerliggaam voorberei is, te bespreek en goed te keur voordat die begroting finaal aanvaar word. Van ouers sal verwag word om hulle te onderwerp aan die resolusie wat by bogenoemde vergadering aanvaar is.

4) 'n Ouer is verplig om skoolgeld te betaal soos gehef, of soos bepaal deur die mate waartoe hy of sy vrygestel is van betaling.

5) 'n Ouer kan appèl aanteken by die Onderwyshoof teen 'n beheerliggaambesluit ten opsigte van sy of haar vrystelling van die betaling van skoolgeld.

6) Ouers onderneem om enige mediese koste op aanvraag te betaal en onderneem om enige van die skool se openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir enige koste wat in verband met mediese uitgawes aangegaan mag word.

7) Ouers bevestig dat enige mediese rekeninge direk aan hulle gestuur moet word vir vereffening deur die ouer.

8) Ouers moet ook bereid wees om enige kampfooie/toergeld/busgeld vooruit aan die skool te betaal indien hulle kinders sou deelneem aan sodanige aktiwiteite.

11.7 **Veiligheid en welsyn van leerders:**

1) Die belangrikheid van gesondheid, voeding en veiligheid kan nie oorbeklemtoon word nie, aangesien daar 'n direkte verband tussen leerders se welsyn en suksesvolle akademiese prestasie is.

2) Ouers moet die skool inlig oor chroniese of ander gesondheids- en of leerprobleme van leerders en hoe hulle in 'n noodgeval behandel moet word en die skool skriftelik inlig oor enige voorgeskrewe medikasie wat aan leerders toegedien moet word.

3) Medikasietoediening vereis 'n skriftelike voorskrif en skriftelike ouerlike goedkeuring dat medikasie ooreenkomstig ouers se instruksies toegedien moet word, maar dat dit nog steeds op eie risiko van ouers geskied, aangesien opvoeders nie opgeleide medici is nie.

11.8 **Besoeke aan die skool gedurende skooltyd:**

1) Ouers wat leerders in die oggend by die skool aflaai, word toegelaat om die terrein binne te ry by Hek 6 in 30ste Laan.

2) Ouers wat leerders in die middag kom oplaai kan vanaf 13:50 by Hek 6 die terrein binnekom.

3) Alle ouers wat die skoolgrond na 08:00 betree, moet by die voorhekkie in Meyerstraat aanmeld. Vandaar sal hy/sy deur 'n sekuriteitswag vergesel word na die adminkantoor waar die aanmeldingsregister voltooi en geteken moet word.

   Hektye is vanaf 08:00 tot 13:30

4) Geen besoeker sal verder as die algemene kantoor op die terrein toegelaat word sonder dat hulle deur 'n assistent of onderwyser vergesel word nie.

5) Enigiets wat aan 'n leerder besorg moet word, moet na die kantoor gebring word waar daar gereël sal word dat die leerder dit ontvang.
6) Oueronderhoude met opvoeders moet vooraf met behulp van Microsoft Teams of d.m.v.'n e-pos, vir 'n geskikte tyd gereël word.
7) Ouers se toegang tot die skoolperseel kan te eniger tyd gereguleer word ingevolge paragrawe 5 en 8 van die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole.
8) Gesinsnoodgevalle moet aan die kantoor gerapporteer word, waar die kwessie toepaslike aandag sal geniet.

11.9 **Ouers vereenselwig hulleself met die skool :**

1) Ouers, toeskouers/besoekers moet hulleself as verteenwoordigers van die onderskeie skole beskou wanneer hulle wedstryde, byeenkomste, optredes of enige ander skoolaktiwiteite bywoon of hulle kinders by sodanige aktiwiteite ondersteun. Ouers en toeskouers word aangemoedig om die span waarin hulle kinders speel, sowel as soveel moontlik ander skoolspanne, op 'n positiewe en konstruktiewe wyse te ondersteun.

11.10 **Optrede deur ouers teenoor ander leerders:**

'n Ouer mag nie iemand anders se kind nader om iets te bespreek of hom/haar aan te spreek weens optrede van die kind teenoor sy/haar kind nie.

1) So 'n benadering kan as aanranding beskou word en kan lei tot regsaksie.
2) Die ouer moet liefs die geval aanmeld by die hoof/adjunkhoof/dissiplinehoof wat die saak verder sal opvolg indien nodig.

11.11 **Ouers en besoekers se gedrag gedurende skoolbesoeke of enige skoolaktiwiteite:**

1) Ouers en/of besoekers moet so optree dat hulle nie die skool se naam oneer aandoen of personeel of leerders in die verleentheid stel nie. Hulle gedrag moet van so 'n aard wees dat hulle altyd 'n goeie beeld van die skool na buite uitdra en uitbou.
2) Ouers en/of besoekers moet selfbeheersing toepas en respek, hoflikheid en verdraagsaamheid teenoor mekaar, opvoeders, leerders, medetoeskouers, afrigters, skeidsregters, beoordelaars en teenstanders betoon.
3) Opvoeders, deelnemers, afrigters, skeidsregters of beoordelaars mag nie geïntimideer word nie, dus word positiewe gedrag tydens enige aktiwiteite en sportwedstryde verwag.
4) Ouers en/of besoekers moet optree volgens die etiese kode wat 'n bepaalde kultuur- en sportsoort vereis, nl dat:
   a) fisiese geweld, lasterlike en beledigende taal of onwelvoeglike tekens gedurende sportwedstryde of ander aktiwiteite, die waardigheid en goeie naam van die skool aantas en streng verbode is;

b) ouers en ondersteuners versoek word om hulle van negatiewe opmerkings of onwelvoeglike taalgebruik teenoor skeidsregters, opvoeders, ander beamptes, beoordelaars, afrigters en spelers of hulle teenstanders se ondersteuners te weerhou;

c) ouers, ondersteuners en toeskouers versoek word om die aangeduide afstand vanaf die kantlyne van die bepaalde sportveld of -baan te handhaaf en nie binne die speelveld of enige ander afgebakende areas op die skoolterrein of gedurende ʼn aktiwiteit te gaan nie;

d) ingevolge die sportkodes se reëls, ouers en toeskouers nie op die veld of baan mag gaan wanneer die spel aan die gang is of reeds verby is nie;

e) indien enige speler/deelnemer 'n besering opdoen, die afrigter/spanbestuurder of noodhulppersoneel - indien dit nodig geag word - die betrokke ouers sal nader. (Ouers mag slegs betrokke wees as die speler van die veld af verdere behandeling kry of dit nodig is vir vervoer van die speler na 'n mediese fasiliteit);

f) ouers behoort te verstaan dat skoolsport nie oor “wen ten alle koste” gaan nie;

g) die waardes wat hul kind se deelname aan sport hom/haar leer, erken moet word, asook die geleenthede wat sport bied vir sosiale interaksie, pret en kompetisie, te herken;

h) in ag geneem moet word dat hul seun/dogter besig is met 'n sport van sy/haar keuse vir sy/haar genot;

i) hul kind aangemoedig moet word om die reëls van die sport te ken, maar nie met die skeidsregter/afrigter te argumenteer nie;

j) seker gemaak moet word dat hul kind korrek geklee is vir beide oefeninge en wedstryde of kompetisies;

k) hul kind die waarde van goeie sportmanskap leer;

l) hul kind of iemand in sy/haar span nooit verkleineer of berispe moet word vir 'n fout wat gemaak is of indien hul verloor het nie;

m) daar onthou moet word dat kinders leer uit ouers se voorbeeld deur goeie spel te prys, maar om oordeel oor swak spel, te reserveer;

n) nie op enige sosialemediaplatform kommentaar gelewer moet word oor enige negatiewe aspek van 'n wedstryd nie;

o) die opponerende spelers en afrigters gerespekteer moet word;

p) seker gemaak moet word dat hul kind betyds by oefeninge en wedstryde opdaag en weer gehaal word;

q) ouers realisties moet wees in hul verwagtinge van hulle kind se vermoë en vaardigheidsvlakke wat sal ontwikkel met aanmoediging en positiewe versterking;

r) hul kind(ers) geleer moet word om na die afrigter(s), spanbestuurder en skeidsregter te luister, die oordeel van die afrigter te respekteer en hom/haar te gehoorsaam; en

s) hulle kinders nie aangemoedig of toegelaat moet word om enige opkikkers te gebruik nie.

5) Ouers wat enige aktiwiteit van die skool bywoon, moet aan die versoeke en reëlings van die betrokke skool en/of organiseerders gehoor gee.

6) Ouers moet ook nie by enige skoolaktiwiteite onder die invloed van alhohol opdaag nie, ‘n verleentheid vir hul kind(ers) en die skool wees nie en weens sy/haar toestand oor die potensiaal beskik om verdere gedragskodes te oortree en moeilikheid te veroorsaak.

7) Die gebruik van alkohol, tabak, “vapes” en onwettige dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit is streng verbode.

8) Geen wapens of gevaarlike voorwerpe mag op die skoolterrein gebring word nie, tensy vir amptelike werksdoeleindes, soos in die geval van lede van die SAPS.

9) Ouers en/of besoekers word versoek om die skoolterrein netjies en skoon te hou, dus geen rommel te strooi nie.

11.12 **Gedrag/Optrede by kultuur- en sportoefeninge/ander skoolaktiwiteite waarby ouers en besoekers teenwoordig is:**

1) Ouers mag nie afrigters gedurende kultuur- en sportoefeninge onderbreek nie, al is dit om raad te gee, reëlings te tref, terugvoering te vra of klagtes en probleme te bespreek.

2) Ouers se inmenging met ’n afrigter se spankeuses sal nie geduld word nie, aangesien ouers nie weet waarom die spesifieke keuses uitgeoefen word nie.

3) Ouers mag die hoof/’n afrigter/spanbestuurders versoek om op ’n gepaste tyd en plek enige navrae, klagtes en voorstelle te bespreek en ‘n afspraak daaroor met die hoof te maak.

4) Gesprekke tussen ouers en personeel/afrigters behoort, in die belang van alle leerders wat deelneem, wedersyds op ’n konstruktiewe, hoflike, beheerste en eerbiedige wyse te geskied.

5) Skooleiendom wat gedurende ’n oefening gebruik word, mag nie sonder vooraftoestemming van die skoolhoof en in oorleg met die personeellid wat daarvoor verantwoordelik is, van die skoolterrein verwyder word nie. Indien enige toerusting aan enigiemand geleen word, moet dit behoorlik in ’n register aangeteken word en moet die persoon in kennis gestel word dat hy/sy vir enige skade of verlies aanspreeklik sal wees.

11.13 **Die ouer, besoekers en familielede as toeskouers:**

Die ouers/voogde (besoekers/familielede) moet:

1) verstaan dat skoolsport nie oor “wen ten alle koste” gaan nie;

2) die waardes wat hul kind se deelname aan sport hom/haar leer, herken, asook die geleenthede vir sosiale interaksie, pret en kompetisie wat sport bied, herken;

3) hul kind aanmoedig om die reëls van die sport te ken en na te kom;

4) seker maak dat hul kind korrek geklee is vir beide oefeninge en wedstryde of kompetisies;

5) hul kind die waarde van goeie sportmangees leer;

6) nooit hul kind of iemand in sy/haar span verkleineer of berispe vir 'n fout wat gemaak is of as hul verloor het nie;

7) onthou dat kinders leer uit ouers se voorbeeld; prys goeie spel, maar reserveer oordeel oor swak spel;

8) nooit in die publiek 'n afrigter of skeidsregter se oordeel of eerlikheid bevraagteken nie;

9) nooit kru taal gebruik nie;

10) nooit enige sportpolitiek stig of bedryf nie;

11) geen alkohol gebruik of rook op of naby die sportveld nie. (Dit is nie net teen die skool se regulasies nie, maar ook 'n oortreding van die landswette ten opsigte van skoolpersele);

12) nie by die sportveld/aktiwiteit onder die invloed van alhohol opdaag nie, 'n verleentheid vir die kind(ers) wees nie en weens sy/haar toestand oor die potensiaal beskik om verdere gedragskodes te oortree en moeilikheid te veroorsaak;

13) nooit spelers, afrigters, skeidsregters of ander ondersteuners dreig of onvanpaste opmerkings maak nie;

14) (mag) nie die speelveld betree nie, al is sy/haar kind beseer. (Dit is in elk geval teen die Boksmart en ander sportkodes se reëls. Daar is opgeleide mediese personeel wat na 'n beseerde speler omsien en sal die ouer nader indien nodig);

15) die rol van afrigters en skeidsregters respekteer en hul outoriteit op die veld te erken;

16) die afrigter se spankeuse respekteer en verstaan dat dit die afrigter se voorreg is om te kies wie hy/sy glo die beste spelers vir die geleentheid is;

17) die opponerende spelers en afrigters respekteer, die waarde van ons afrigters erken - of hul nou opvoeders of persone van ons skoolgemeenskap is. Hulle offer hul tyd op en verskaf hulpbronne om 'n uitstekende buitemuurse program te fasiliteer;

18) 'n aktiewe rol speel in die ondersteuning en aanmoediging van hul kind in sy/haar sport van keuse; seker maak dat hul kind betyds by oefeninge en wedstryde opdaag en weer gehaal word;

19) realisties wees in hul verwagtinge van hul kind se vermoë en vaardigheidsvlakke wat sal ontwikkel met aanmoediging en positiewe ondersteuning;

20) hulle daarvan weerhou om enige afbrekende kommentaar op enige sosialemediaplatform te plaas en liefs die kommunikasiekanale te volg; en

21) enige probleme, klagtes of voorstelle deur die regte kanale kommunikeer:

    a) Eerstens na die hooforganiseerder van die spesifieke sportsoort.

    b) As 'n ouer van mening is dat 'n saak ernstig genoeg is, kan die ouer direk na die sportorganiseerder gaan wat die saak, indien nodig, na die skoolbestuur sal verwys.

c) **Hierdie kommunikasie moet:**

i. op 'n beleefde manier geskied;

ii. plaasvind tydens 'n tyd en plek wat beide partye pas - verkieslik per afspraak;

iii. nie in die openbaar plaasvind nie, soos byvoorbeeld langs die veld direk na 'n wedstryd nie;

iv. 'n positiewe en opbouende doel as uitgangspunt hê, soos om foute reg te stel of onaanvaarbare gedrag aan te spreek; en

v. dit nie net as 'n geleentheid sien om van woede en frustrasie ontslae te raak nie.

11.14 **Onaanvaarbare gedrag en skoolsanksie vir ouers langs die sportveld/ tydens enige oefening:**

1) In die geval waar 'n ouer of ondersteuner hom/haar skuldig maak aan een van die volgende:

a) 'n geveg/bakleiery/argument begin of hom/haar skuldig maak aan enige fisiese of verbale geweld of intimidasie;
b) enige speler, afrigter, skeidsregter of ander toeskouer dreig met fisiese geweld; of

c) op die speelveld gaan en enige speler verbaal of fisies aanval of dreig.

Indien enige ouer op so 'n wyse optree dat dit die goeie naam van die skool in gedrang bring,

sal die volgende sanksies geld:

a) 'n Lid van die skoolbestuur, organiseerder van die spesifieke sportsoort, sportorganiseerder of lid van die skoolbeheerliggaam sal die ouer of ondersteuner vra om die area rondom die veld of baan te verlaat.

b) Die optrede/insident sal verder deur die adjunkhoof belas met sport, asook die sportorganiseerder, ondersoek word met die reg om die nodige skriftelike en mondelinge verslae aan te vra.

c) Die adjunkhoof belas met sport en die sportorganiseerder sal die ouer of ondersteuner wat homself/haarself skuldig gemaak het aan bogenoemde, nooi om binne sewe dae sy/haar posisie rondom die aangeleentheid voor te lê.

d) Indien die adjunkhoof belas met sport en die sportorganiseerder van mening is dat die saak verdere sanksie regverdig, word dit na 'n komitee van die skoolbeheerliggaam verwys.

e) Dié komitee van die skoolbeheerliggaam (insluitende die skoolhoof) sal die saak ondersoek en sekere aanbevelings, wat hul as toepaslik beskou, aan die skoolbeheerliggaam, maak.

f) Hierdie aanbevelings mag insluit om die ouer of ondersteuner te verbied om enige sportbyeenkoms waar die skool te eniger tyd betrokke is by te woon en/of die skoolperseel te betree vir 'n periode na goeddunke van die BL.

11.15 **Kommunikasiekanale:**

1) Ouers en ondersteuners moet met enige navrae of probleme ten opsigte van ’n spesifieke aktiwiteit, die regte kommunikasiekanale volg, nl: afrigter, hoofafrigter, organiseerder, adjunkhoof: sport, skoolhoof.
2) Indien die skoolhoof of organiseerder dit nodig ag, sal die kwessie met die betrokke afrigter/personeellid bespreek word.
3) Ouers en/of besoekers word versoek om enige ongerymdhede of klagtes met die skoolhoof of beheerliggaamvoorsitter, eerder as met enige ander personeellid of die media, te bespreek.
4) Die beheerliggaam en skoolpersoneel is daartoe verbind om ten alle tye die belange van die skool te bevorder en die ontwikkeling van die skool te probeer verseker deur die voorsiening van onderwys van gehalte aan alle leerders in die skool. Hierdie verbintenis geld ook ten opsigte van die organisasie en aanbieding van alle skoolaktiwiteite. Ouers en/of besoekers word dus versoek om die beheerliggaam in dié taak te ondersteun.
5) Relevante inligting ten opsigte van die skool, beleide, kleredrag, sportrooster, jaar- en kwartaalplanne, asook funksies, ens. word d.m.v. Microsoft Teams en die webwerf aan ouers gekommunikeer. Kommunikasie geskied ook op die skool se whatsapp-groepe per omsendbrief, sms’e en e-posse.

11.16 **Oueraande:**

1) Oueraande word in die tweede kwartaal, na ontvangs van die leerders se rapporte, gereël.
2) Tydens hierdie geleenthede bespreek ouers en opvoeders die leerders se vordering, gedrag, probleme en/of vrae.
3) Enige ouer/voog wat graag ’n personeellid wil spreek, mag die oueraand bywoon.
4) Ouers moet bereid wees om tydens oueraande, die waarheid oor hul kinders te aanvaar wanneer daar op ‘n eerlike wyse oor die kind se vordering en gedrag gepraat word.
5) Ander akademiese vergaderings per graad word ook op ’n gereelde basis gehou en ouers word dringend versoek om die vergaderings wat op sy/haar kind van toepassing is, by te woon.

11.17 **Ouers en sosialemedia:**

1) Ouers sal nie enige digitale/elektroniese, sosialemediaplatform gebruik om enige aanstootlike/aggressiewe/dreigende/afstootlike/immorele boodskappe te skryf/plaas wat die skool se beeld skade kan aanrig nie. Diégene wat hulle skuldig maak hieraan, sal wetlik vervolg word.
2) Ouers sal hulself ook daarvan weerhou om ander geskrewe kommunikasie, foto’s, video’s, klankopnames oor enige aspek van die skool, met ander te bespreek of aan te stuur. Ouers sal sake met die hoof bespreek of dit onder die hoof se aandag bring.

3) Die skool sal nie op enige anonieme kommunikasie wat onder sy aandag kom, reageer nie.

4) Die skool behou die reg voor om enige ongerymdhede of waar die skool se goeie naam en eer in gedrang kom, met die ouer te hanteer.

### 11.18 Projekte/Funksies

Ouers behoort:

1) funksies, gesellighede en ander aktiwiteite van die skool te ondersteun;

2) die skool te ondersteun tydens fondsinsamelingsprojekte omdat sulke geleenthede gereël word om fondse in te samel tot voordeel van die leerders van die skool; en

3) bereid te wees om tydens funksies te help om daarvan ’n sukses te maak.

### 11.19 Nienakoming van die Ouergedragskode (anders as op die sportveld):

1) In geval van nienakoming van dié gedragskode sal die oortreder vriendelik versoek word om die ongewenste gedrag onmiddellik te staak. Indien ’n ouer/besoeker se gedrag enige skoolaktiwiteit ontwrig en die persoon nie gehoor wil gee aan die skoolhoof of beheerliggaam se versoek om die gedrag te staak nie, is die beheerliggaam by magte om die persoon toegang tot die terrein te weier en, indien nodig, van die terrein te verwyder of te laat verwyder en indien nodig ‘n klag van betreding by die SAPS te lê.

2) In die geval waar ‘n ouer of ondersteuner hom/haar skuldig maak aan bogenoemde en soortgelyke onaanvaarbare gedrag sal/kan:

    a) die optrede/insident verder deur die BL/Hoof ondersoek word met die reg om die nodige skriftelike en mondelinge verslae van betrokkenes aan te vra;

    b) die BL/Hoof die skuldige party nooi om binne sewe dae sy/haar posisie oor die aangeleentheid voor te lê; en/of

    c) die BL/Hoof die saak ondersoek en besluit op sekere aanbevelings, wat hul as toepaslik beskou.

3) Hierdie aanbevelings mag insluit om die betrokke party te verbied om enige aktiwiteit waar die skool betrokke is, by te woon vir ‘n periode soos deur die skoolbeheerliggaam bepaal - wat ook enige regsaksie mag insluit.

### 11.20 Verantwoordelikhede van ouers ten opsigte van die Leerdergedragskode:

1) Ingevolge paragraaf 6 in die Riglyne vir Oorweging deur Beheerliggame in die aanvaarding van ‘n Gedragskode vir Leerders, berus die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders by hulle ouers/voogde. Daar word verwag dat alle ouers:

    a) die skool sal ondersteun en van leerders (hulle kinders) sal vereis om alle skoolreëls en -regulasies na te kom en verantwoordelikheid te aanvaar vir enige wangedrag aan hulle kant;

b) ‘n lewendige belangstelling in hulle kind se skoolwerk sal toon en dit vir die kind moontlik sal maak om die huiswerk wat aan hom/haar opgedra word te voltooi; en

c) vergaderings wat die BL vir hulle belê en byeenroep, by te woon.

**11.21 Bekendmaking van die Beleid:**

Die beleid sal op die skool se webwerf geplaas word.

**12. KORT TITEL**

Die beleid sal bekend staan as die Gedragskode vir Ouers van Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster.

**13. WYSIGINGS**

Die beleid kan na gelang van behoefte of veranderende omstandighede deur die BL gewysig en aangepas word.

**14. GOEDKEURING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanbeveel deur die hoof** | Mrs A Dowd | **Handtekening:** | |
| **Datum:** | | | |
| **Goedgekeur deur die BL-voorsitter** | ME Kantor | **Handtekening:** | |
| **Datum:** | 11 Oktober 2023 | | |

SKOOLSTEMPEL